# BULLETIN

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

01 Maart 2026

## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Berta | Swanepoel | 03/04 |
| Annatjie | Volker | 03/04 |
| Wienand | de Wet | 03/05 |
| Wentzel | Kreder | 03/05 |
| Carine | Tredoux | 03/05 |
| Val | Bothma | 03/06 |
| Annamarie | Judd | 03/07 |




## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
09h30 L'Agulhas
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Badisa

**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies

**Dinsdag**
10h30 Skulpiesbaaiblokbyeenkoms
14h00 Klerebank

**Woensdag**
09h30 Uitreikbediening

**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid

**Vrydag**
07h30 Mannebyeenkoms word gelei deur Ds. Pierre Marais.
09h30 Vrouebyeenkoms
Tema: "Ek sal julle rus gee"
Kollekte: Wêreldbiddag - vir-vroue - organisasie

**Saterdag**
11h00 Damestee

**Sondag 8 Maart**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Suiderlig Dienssentrum

## SINODALE OFFER : Badisa

Die akroniem BADISA is saamgestel uit Barmhartigheid, DIens/DIakonaat en Saam.
Badisa is 'n nie-winsgewende organisasie in die Wes-Kaap, wat veral op die welstand van kinders, gesinne en bejaardes fokus. Dit is 'n maatskaplike organisasie wat gerig is op barmhartigheid en sorg. BADISA beteken in Tswana HERDER, VERSORGER of OUDERLING. Badisa is gemoeid met die lewering van maatskaplike dienste en die maak van 'n verskil in die gemeenskap.

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD op die Kerkraadsvergadering van 24 Februarie 26: Voorsitter en leier Kommunikasie: Kobus Smith**
**Alfablok Ouderling: Charles Schoeman**

## NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Philip en Sonja Swart van Kerksondermure.

**BASAAR:** Ons benodig baie konfytflessies, asseblief. Jy kan dit by die kombuis of Kerkkantoor afgee.

**Teksvers:** Joh20: 1 Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is.

## Ons bid vir...

1. Badisa.
2. Die voorbereiding vir ons HERFSBASAAR.
3. VRYDAG se Wêreldbiddag vir MANS & daarna vir VROUE.
4. 'n Geseënde DAMESTEE die SATERDAG.
5. Die vermoë om hulpbehoewendes om ons raak te sien en die middele en wysheid om hulle by te staan.
6. Veiligheid in ons omgewing en in ons land.

**DANKIE VIR:**

1. Die bediening van die Woord, wat ons laat nadink oor Bybelse waarhede.
2. Die geleentheid om eerskomende Vrydag sonder die vrees van vervolging saam met gelowiges oor die hele wêreld 'n WÊRELDBIDDAG te mag hou.
3. Reën in ons gebied, wat verligting bring vir ons tuine en damme.
4. Die gemeenskap van gelowiges en die voorreg om as U kinders saam te mag werk en dien in die kerk.

**LYDENSTYD** - Sondae van HOOP
Hettie Wessels het in 'n onlangse facebook-artikel geskryf dat, alhoewel ons in Lydenstyd is wanneer ons introspeksie doen en meer fokus op die kruis, vir VEERTIG DAE lank, Sondae nie as deel van die veertig dae tel nie. Hoe dan so? Die rede is dat ELKE Sondag 'n klein Paasfees is. Deur die eeue vier die kerk elke Sondag Christus se opstanding. Selfs al onthou ons hoe Jesus gely het aan die kruis, onthou ons ook dat Hy die dood oorwin het. Lydenstyd herinner ons aan ons gebrokenheid, maar Sondae herinner ons aan God se oorwinning. Te midde van swaarkry leef ons in 'n tyd van HOOP, want Christus het opgestaan. Hy gee vir ons die krag om weer vas te byt, want Hy is ook in die donker tye van ons lewe by ons! Die kruis staan sentraal tydens Lydenstyd. Die kruis herinner ons aan Jesus se kruisiging en lyding. 'n Doringkrans of spyker kan saam met die kruis gebruik word as simbole tydens Lydenstyd.

**Dankie**: Dawie Theron, baie dankie vir die herstel van die kruis. Die aanbring van wieletjies aan die kruis, om die skuif daarvan te vergemaklik, word ook hoog waardeer.

## Doen & Deel

**KOOR** " Waar WOORDE faal, praat MUSIEK." Kom sing saam! SUIDPUNTKOOR oefen Donderdae van 15h30 tot 17h30 in Struisbaaikerk. Ons oefen vir ons optrede met PAASFEES op Sondag, 5 April. Kontak Christa-Marié @ 082 556 2850 of Karin @ 072 347 6568.

**STRUISIES SPEELSKOOL**
Het jy dalk SAGTE SPEELGOED, 'n STOEL of GORDYNE om te skenk? Struisies Speelskool sal dit graag wil hê. Dit kan by Erna afgegee word, gemerk vir STRUISIES SPEELSKOOL.

**SKULPIESBAAI:** Dinsdag, 3 Maart BLOKBYEENKOMS om 10h30 in Struisbaaikerk. Kom kuier lekker saam met ons ouderlingspaar, Bernie en Jakkie Badenhorst en diakenspaar, Tertius en Proppie Groenewald. As jy twyfel of jy ingesluit is, kyk gerus na die geel ingekleurde deel op die STRUISBAAI-KAART wat langs die ouerkamer in Struisbaaikerk opgeplak is .

**STRAATWERK** 'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor. Hulle benodig ook handdoeke en lyfseep vir die storte in die Bo-Kaap,

**Herfsbasaar: Opwipwinkel 27 Maart**
Het jy netjiese klere, hoede, handsakke, juwele, skoene wat jy nie meer gebruik nie? Jy kan dit dalk skenk vir ons OPWIPWINKEL? KOM KOOP SELF!
Gee net jou goedjies by die Kerkkantoor af voor/op 18 Maart (Di - Do, 08h00 tot 12h00). Merk net asb. jou sak JOANIE.

**DAMESTEE:** Kom kuier saam op 7 Maart. Die "High tea" begin 11h00 in STRUISBAAI se kerk. Kaartjies is te koop by die Kerkkantoor. EFT'S is ook welkom. Meld dan net jou naam en Damestee as verwysing. Ons wil graag teen 2 Maart weet vir hoeveel mense om reg te maak. As jy by 'n vriendin/vriendinne aan tafel wil sit, WhatsApp dan net julle name vir Joanie @ 072 5193170 vir plasing. Andersins sit jy net waar daar 'n oop stoel is.

**GESKENKPAKKIE:** Ons stel 'n geskenkpakkie saam vir Ilse Roux (spreker by ons Damesoggend). Indien jy vir haar iets wil bydra om haar te bederf, gee dit asseblief teen Maandag, 2 Maart by die Kerkkantoor af.